**Woensdag 1 Junie**

**Skrifgedeelte: Johannes 3:13-21; HK Sondag 13, Vraag 33**
**Fokusgedeelte: Johannes 3:16 (1953-vertaling)**

## Christus is die eniggebore Seun van God

Die belydenis dat Christus die Seun van God is, word in die Kategismus in die vorm van ’n probleemstelling en die antwoord daarop aan ons voorgehou. Die probleem is dit: As ons *kinders van God* genoem word, kan Jesus nie die *eniggebore Seun* van God wees nie. Dit is een van die twee: óf Hy is nie die eniggebore Seun van God nie, óf ons is nie kinders van God nie. Tog staan ons voor die voldonge feit dat die Skrif *Hom* die eniggebore Seun van God noem (Joh. 3:16) en *ons* kinders van God (1 Joh. 3:1). Die oplossing wat ons belydenis vir hierdie probleem gee, is heel eenvoudig: Christus is alleen die ewige natuurlike Seun van God, terwyl ons om sy ontwil as kinders van God aangeneem is. Hieruit is dit duidelik dat daar tussen die Seunskap van Christus en ons kindskap enersyds ’n groot *verskil* is en andersyds tog ook weer ’n *duidelike ooreenkoms* is. Die *groot verskil* bestaan daarin dat Hy die *ewige natuurlike* Seun van God is. Hy is eerstens die *ewige* Seun van God. Hy het nie die Seun van God geword nie, maar is dit van ewigheid af. So ewig as wat die Vader is, so ewig is die Seun ook. Toe Jesus in Betlehem gebore is, het Hy nie die Seun van God geword nie, maar het die ewige Seun van God ’n menslike natuur aangeneem. Deur ’n ewige generasie of geboorte is Christus die eniggebore Seun van God. Geen mens is Hom hierin gelyk nie, want die mens se lewe op aarde is maar kort van duur. Die tweede verskil tussen Christus se Seunskap en ons kindskap is dat Hy die *natuurlike Seun* van God is, terwyl ons om sy ontwil *aangenome* kinders van God is. Christus is en bly onder alle omstandighede Seun van God. “Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God” (Nicea). Hy is van nature God. Watter voorregte ons as aangenome kinders van God ook al mag ontvang, soos die opstanding uit die dood en die ewige lewe, deel aan sy goddelike natuur sal ons nooit kry nie. Hierdie belydenis van die wesens-verskil tussen Christus se Seunskap en ons kindskap is van lewensbelang, want daarmee staan of val die evangelie. Al is daar so ’n verskil tussen Christus se Seunskap en ons kindskap, is daar tog ’n *ooreenkoms*: Christus is die Kind van God en ons is ook kinders van God. So ’n ooreenkoms is daar tussen Hom en ons dat die skrywer van die Hebreër-brief (2:11) sê dat Hy Hom nie skaam om ons sy broers te noem nie. Hy het immers sy broers in alle opsigte gelyk geword, uitgesonderd die sonde (2:17; 4:15). Dan moet ons egter onthou dat dit juis deur Christus is wat ons kinders van God geword het (Ef. 1:5).